# DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**Handelinge**
**van die ad hoc Sinode gehou op 11 November 2006**
**in Kaapstad**

Uitgawe in opdrag van die
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ©2006

***© Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika***

*Argief bewarende kerk:*

***Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria***

*Posbus 31141*
*Totiusdal*
*0134*

# Inhoud

**HANDELINGE VAN DIE AD HOC SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE KAAPSTAD OP 11 NOVEMBER 2006 ... 4**

ARTIKEL 1 OPENING ... 4
ARTIKEL 2 AFVAARDIGING ... 4
ARTIKEL 3 KONSTITUERING EN MODERAMEN ... 5
ARTIKEL 4 INSTEMMING MET DIE BELYDENIS ... 5
ARTIKEL 5 VERWELKOMING ADVISEURS ... 5
ARTIKEL 6 SAKELYS ... 5
ARTIKEL 7 VASSTELLING WERKWYSE SINODE ... 5
ARTIKEL 8 VOORSTELLE I.S. TEOLOGIESE OPLEIDING ... 6
ARTIKEL 9 BENOEMING VAN DEPUTATE ... 7
ARTIKEL 10 PERSOONLIKE RONDVRAAG ... 8
ARTIKEL 11 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN KORT VERSLAG ... 8
ARTIKEL 12 SENSUUR VOLGENS ART. 48 VAN DIE KERKORDE ... 8
ARTIKEL 13 SLUITING ... 8

**HANDELINGE VAN DIE AD HOC SINODE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE KAAPSTAD OP 11 NOVEMBER 2006**

## ARTIKEL 1 OPENING

Namens die roepende kerk te Kaapstad open ds. E. Viljoen die verrigtinge om 08:00. Hy lees Rom. 15:1-13 (NIV) en hy laat Hymn 4 uit die Book of Praise sing, waarna hy voorgaan in gebed.

## ARTIKEL 2 AFVAARDIGING

Die administrateur rapporteer dat die geloofsbriewe van die twee afvaardigings in orde bevind is.

Vanuit Klassis Noord is afgevaardig:

Primi:
Ds. C. Kleijn, Pretoria
Ds. H.H. van Alten, Pretoria-Maranata
Ds. T.K. Mogale, Mamelodi
Oudl. J.A. Smit, Pretoria
Oudl. P. Bouwman, Pretoria-Maranata
Oudl. J. Sekele, Soshanguve-North

Sekundi:
Ds. P.G. Boon, Pretoria-Maranata
Ds. M.P. Magagula, Soshanguve-North
Oudl. T. De Wit, Pretoria
Oudl. A.J. Sterk, Pretoria-Maranata
Oudl. M.D. Makinta, Soshanguve-North

Vanuit Klassis Suid is afgevaardig:

Primi:
Ds. P. Nel, Bethal
Ds. E. Viljoen, Kaapstad
Dr. J.A. Breytenbach, Kaapstad
Oudl. M. Kruger, Bethal
Oudl. G.A. Anholts, Johannesburg
Oudl. F. Raimond, Kaapstad

Sekundi:
Ds. C..F. Nicholson, Kaapstad
Oudl. J. Smuts, Bethal
Oudl. H. Snijder, Johannesburg
Oudl. B. Van Dalen, Kaapstad

Al die primi afgevaardigdes is aanwesig, behalwe oudl. Sekele wat vervang is deur oudl. Makinta.

Adviseurs

Die kerkraad van Kaapstad het die volgende predikante as adviseurs genooi di. P.G. Boon, M.P. Magagula, J. Mhlanga en C.F. Nicholson. Nie almal was by magte om die uitnodiging aan te neem nie. Di. P.G. Boon en C.F. Nicholson is teenwoordig en word as adviseurs toegelaat.

## ARTIKEL 3 KONSTITUERING EN MODERAMEN

Die voorsitter konstateer dat die kerke wettig byeen is. Die vergadering word gekonstitueer en ŉ moderamen verkies. Ds. E. Viljoen is tot voorsitter verkies, ds. C. Kleijn tot assessor en ds. H.H. van Alten tot skriba.

Die moderamen neem hul plekke in en die vergadering word gekonstitueer. Die voorsitter spreek sy dank uit vir die vertroue wat die vergadering in die gekose broeders stel. Hy bedank die sameroepende kerk vir die werk wat gedoen is en spreek sy vertroue uit dat ons in goeie samewerking die sake, wat die kerke op ons tafel geplaas het, sal behandel.

## ARTIKEL 4 INSTEMMING MET DIE BELYDENIS

Die afgevaardigdes en adviseurs stem in met die drie Formuliere van Eenheid deur op te staan.

## ARTIKEL 5 VERWELKOMING ADVISEURS

Die adviseurs word ook spesiaal welkom geheet asook br. H.H. Schuring wat aanwesig is as deputaat kurator.

## ARTIKEL 6 SAKELYS

Die volgende sakelys word aanvaar:

1. Opening namens die sameroepende kerk.
2. Ondersoek en verslag van geloofsbriewe.
3. Konstituering van Sinode en verkiesing van 'n moderamen.
4. Betuiging en instemming met die Belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs.
5. Verwelkoming adviseurs.
6. Vasstelling van die agenda.
7. Vasstelling van die werkswyse van die Sinode.
8. Deputate verslae.
   8.1. Deputate Kuratore Teologiese Skool.
9. Benoeming van deputate.
10. Persoonlike rondvraag.
11. Vasstelling van die Handelinge en die Kort Verslag.
12. Sensuur volgens artikel 48 van die KO.
13. Sluiting.

## ARTIKEL 7 VASSTELLING WERKWYSE SINODE

Besluit word dat vir hierdie Sinode die taal Engels sal wees, maar dat dit vir die afgevaardigdes vry sal staan om in hulle eie taal te spreek. Waar nodig sal daar getolk word. Die amptelike handelinge sal in Engels opgestel word.

Vergadertye 08:00 – 14:00; Teetye 10:00 – 10:20; Middagete 12:30 – 13:00.
Die voorsitter wys op die afgevaardigdes wat ook dien as deputate kuratore. Die vergadering besluit in aansluiting op die werkwyse van Sinode 1992, artikel 6, dat hierdie afgevaardigdes die stemreg behou insake besluitvorming oor die verslag van die kuratore.

## ARTIKEL 8 VOORSTELLE I.S. TEOLOGIESE OPLEIDING

Die verslag van kuratore is opgeneem in bylae 1 van die handelinge, asook die kort verslag van die kuratore wat voorgelees is deur br. Schuring.

Die Sinode besluit:
1) om sy dankbaarheid uit te spreek vir die uitstaande werk wat ds. Breytenbach onder moeilike omstandighede verrig het, met betrekking tot die voortgang van teologiese opleiding in Belhar nadat die Teologiese Skool beëindig is;
2) om voort te gaan met die opleiding in Belhar soos beplan vir 2006/2007 en soos uitgestippel in paragraaf 6.1.4 van die verslag van deputate;
3) om, waar moontlik en in konsultasie met die regionale koördineerders, voort te gaan om van MTC gebruik te maak;
4) om MTC finansieel, met mannekrag en met verteenwoordiging op die raad by te staan, soos besluit deur deputate, en in konsultasie met die sendende kerke en sendingdeputate. Dit moet egter nie ten koste van die plant en opbou van die kerke plaasvind nie.

Die Sinode besluit:
om die profiel, genoem in hoofstuk 7 van die verslag, te aanvaar, waardeur die ideale standaarde en uitkomste met betrekking tot die amp van predikant waarna die kerke behoort te streef, gestel word. Hierdie profiel behoort gebruik te word wanneer opleidingsinstellings en -programme, asook voornemende studente en voornemende predikante, geëvalueer word.

Die Sinode besluit:
1) om die vakke met hulle uitkomste, wat in hoofstuk 8 van die verslag genoem is, as die minimum te aanvaar waaraan 'n teologiese student binne die VGKSA moet voldoen om die vereiste vaardighede te hê om die bediening te kan betree;
2) om die matriks van vaardighede en vakke, wat in hoofstuk 8.3 genoem word, te aanvaar, waarin die minimum aantal vakke, wat nodig is om die vaardighede te verwerf wat vereis word om die bediening in die VGKSA te kan betree, aangedui word;
3) om die bogenoemde vakke as verpligtend te aanvaar om die bediening in die VGKSA te kan betree.

Grond:
Die Sinode wil verseker dat alle nodige vakke voldoende aandag geniet tydens die opleiding tot gereformeerde predikant.

Die Sinode besluit:

1) om aan deputate ŉ mandaat te gee om, tot die volgende sinode, ŉ voltydse nasionale koördineerder aan te stel om te kan voortgaan met die benodigde teologiese opleiding, in lyn met die proses na die MTS (*ministerial training structure*);
2) dat die aanstelling van die nasionale koördineerder sal plaasvind op die basis van uitlening deur die sending of die betrokke kerkraad;
3) om aan deputate ŉ mandaat te gee om stappe te onderneem (insluitende paragraaf 11.1 van die verslag) in die rigting van implementering van die MTS, om deur die volgende sinode finaal goedgekeur of gewysig te kan word. Hierby kan hulle gebruik maak van ŉ administratiewe persoon (aangestel deur deputate), en word hulle versoek om die regionale en nasionale koördineerders te konsulteer. Hierdie nuwe struktuur behoort die eise van studente uit alle gemeentes in oorweging te neem;
4) dat die nasionale en regionale koördineerders oor alle sake rakende hulle verantwoordelikhede direk aan die deputate kuratore sal rapporteer.

Die Sinode versoek deputate om die kerke oor die veranderde situasie van die teologiese opleiding in te lig, asook om die kerke op ŉ kwartaallikse basis van die ontwikkelinge rondom teologiese opleiding voor te lig.

Die Sinode besluit:

1) om van die kerke R100 per siel per jaar te vorder vir teologiese opleiding, met ŉ jaarlikse verhoging gelykstaande aan die inflasiekoers;
2) om deputate te versoek om ander weë te ondersoek om addisionele fondse vir die finansiering van teologiese opleiding te bekom, en daaroor aan die Sinode te rapporteer;

   Grond:
   Afgesien van die oorspronklike begroting vir teologiese opleiding, is daar addisionele kostes wat gedek moet word, soos aangedui in paragraaf 5.7.7 en 5.7.8 van die vorige verslag. Hierdie aspekte kon nie in die huidige verslag gedek word nie, en deputate word versoek om hieraan uitvoering te gee en aan die volgende Sinode verslag te lewer.

Die Sinode besluit om die kerke oor die instruksies vir deputate te informeer.

## ARTIKEL 9 BENOEMING VAN DEPUTATE

Die Sinode verleen eervolle ontslag van verantwoordelikhede aan deputate A.L. Boessenkool en G. Hagg, wat versoek het om nie herbenoem te word nie.

As kuratore word benoem br. H.H. Schuring (sameroeper), di. J. Mhlanga, P. Nel en E. Viljoen. Die Sinode magtig deputate om twee ekstra deputate, een uit elke klassis, te koöpteer.

Die deputate het as opdrag:

1) om, tot die volgende sinode, ŉ voltydse nasionale koördineerder aan te stel om te kan voortgaan met die benodigde teologiese opleiding, in lyn met die proses

na die MTS (*ministerial training structure*) en dat die aanstelling van die nasionale koördineerder sal plaasvind op die basis van uitleen deur die sending of die betrokke kerkraad;

2) om stappe te onderneem (insluitende paragraaf 11.1 van die verslag) in die rigting van implementering van die MTS, wat deur die volgende sinode finaal goedgekeur of gewysig kan word. Hierby kan deputate gebruik maak van 'n administratiewe persoon (aangestel deur deputate), en word deputate versoek om die regionale en nasionale koördineerders te konsulteer. Hierdie nuwe struktuur behoort die eise van studente uit alle gemeentes in oorweging te neem;
3) dat die nasionale en regionale koördineerders oor alle sake rakende hulle verantwoordelikhede direk aan die deputate sal rapporteer;
4) om die kerke oor die veranderde situasie van die teologiese opleiding in te lig, asook om die kerke op 'n kwartaallikse basis van die ontwikkelinge rondom teologiese opleiding voor te lig;
5) om van die kerke R100 per siel per jaar te vorder vir teologiese opleiding, met 'n jaarlikse verhoging gelykstaande aan die inflasiekoers;
6) om ander weë te ondersoek om addisionele fondse vir die finansiering van teologiese opleiding te bekom, en daaroor aan die Sinode te rapporteer;
7) om aan die volgende sinode verslag te doen en aanbevelings te formuleer in die vorm van artikel 12 van die sinodereëls.

## ARTIKEL 10 PERSOONLIKE RONDVRAAG

Die assessor bedank die voorsitter vir die goeie leiding van die sinode.

## ARTIKEL 11 VASSTELLING VAN DIE HANDELINGE EN KORT VERSLAG

Die voorsitter vra of dit in orde is dat die moderamen die Handelinge vasstel en dan aan die kerke versprei. Dit word so deur die vergadering aanvaar.
Die voorsitter noem ook dat die assessor die Kort Verslag van die Sinode sal opstel en dat dit binne die volgende twee weke bekend gestel sal word.

## ARTIKEL 12 SENSUUR VOLGENS ART. 48 VAN DIE KERKORDE

Hiervan word geen gebruik gemaak nie.

## ARTIKEL 13 SLUITING

Die voorsitter bedank die gemeente van Kaapstad vir die ontvangs en versorging van die sinode. Die adviseurs word bedank vir hulle aanwesigheid en bydraes. Hierna gaan die assessor voor in dankgebed waarna die voorsitter die vergadering sluit om 14:00.

Ds. E. Viljoen, voorsitter; Ds. C. Kleijn, assessor; Ds. H.H. van Alten, skriba.